Hoërskool Oos-Moot
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

November 2024

Geagte Ouer/Voog

2025 NETBALSEISOEN
Ons sien met groot opgewondenheid uit na die 2025 seisoen en wil graag die volgende belangrike inligting met u deel.

Proewe (huidige Oosies)
Huidige Oosies se eerste rondte proewe vir die 2025 seisoen vind NOU reeds plaas:
Datum : 22 November 2024
Plek : Oos-Moot netbalbane

Span	Tyd
o.16 en o.17	08:00
o.14	12:00
o.15	13:00

Alle spelers is welkom om aan die proewe deel te neem, ongeag of hulle al ooit netbal gespeel het. Die proewe gee elke speler die geleentheid om hul talente ten toon te stel. Spelers word in voorlopige oefengroepe geplaas. Dit is NIE die finale plasings nie en skuiwe kan nog met die finale proewe wat einde Februarie 2025 plaasvind, gemaak word.

Proses
- Die proewe is 'n kombinasie van individuele vaardigheidstoetse (bv.balwerk, voetwerk, posisie-spesifieke vaardighede) en spanwerk (spel op die veld en samewerking).
- Alle spelers word in verskillende posisies geëvalueer om te bepaal waar hulle die beste in die span pas.
- Faktore soos tegniese vaardigheid, strategiese denke, samewerking met spanmaats en die vermoë om onder druk te speel word in ag geneem.

Belangrik
Spelers wat die proewe nie kan bywoon moet asseblief ‘n mediese sertifikaat of skriftelike, geldige rede by beide die organiseerder en afrigter inhandig.

Proewe (nuwe Oosies)
Nuwe leerders wat in 2025 by die skool begin (bv. huidige graad 7’s) se eerste rondte proewe vind eers op **28 Januarie 2025** plaas.

Vakansieprogram
Ons moedig spelers aan om die Desembervakansie steeds te werk aan hul netbalvaardighede en fisieke voorbereiding vir die seisoen. Spelers sal aan die einde van November ‘n oefenprogram ontvang en kan die oefeninge tuis, in die tuin of
in enige oop ruimte doen.

Wedstryd-, Toernooi- en ligadatums

Let wel: Datums is onderworpe aan verandering.

Ons spanne neem in 'n uitdagende liga teen sterk skole deel wat nie net hul vaardighede toets nie maar hul ook individueel en in spanverband laat groei.

NWU-reeks (A en B spanne)

Datum	Skool	Plek
11 Maart	Waterkloof	Weg
15 Maart	Ben Vorster	Tuis
21 Maart	Semi-finaal	HTS Middelburg (weg)
11 en 12 April	Finaal	HS EG Jansen (weg)

Toernooie en Kursusse

Datum	Toernooi/Kursus
31 Maart tot 2 April	AHMP Prestige toernooi (A-spanne)
15 en 16 April	Kursus deur Dr Elsje Jordaan (B tot D-spanne)
31 April tot 3 Mei	Wildeklawer toernooi (o.16A)

Liga: (A tot D spanne)

Datum	Skool	Plek
23 April	Eldoraigne	Tuis
7 Mei	Menlopark	Tuis
9 Mei	Montana	Weg
16 Mei	Garsfontein	Tuis
21 Mei	AHMP	Weg
23 Mei	Zwartkop	Weg
28 Mei	Waterkloof	Weg

Oefentye

Inligting vir oefensessies sal vroegtydig aan spelers deurgegee word. Dit is belangrik dat spelers oefensessies bywoon en ons versoek dat ekstra klasse en ander afsprake asseblief buite hierdie tye gereël sal word.

Damesoggend (22 Februarie)

Die jaarlikse fondsinsameling vir die netbal is in die formaat van 'n Damesoggend. Die fondse wat ons in word gebruik om onvoorsiene uitgawes ten opsigte van ons spelers te dek.

Ons benodig gewillige mammas om as gasvrouens op te tree. Die taak van die gasvrou is om 'n tafel te dek en verversings vir die gaste aan jou tafel te verskaf.

Mammas wat bereid is om as gasvrou op te tree by hierdie geleentheid kan vir Chante Louw kontak. Ons poog om vir 2025 'n gasvrou uit elke span te bekom.

Afrigters 2025

Span	Afrigter
o.14A	Anzche Pretorius
o.14B	Lecrishia Maas
o.14C en D	Anna-Mart Breytenbach
o.15A	Chante Louw
o.15B	Amone Brits
o.15C en D	Marisce Poee
o.16A	Shante Visser
o.16B	Leandi Botes
o.16C en D	Dijani Dreyer
o.17A	Alitzia du Plessis
o.17B	Nicole Louw
1ste	Benise van Staden
2de	Larissa van der Meulen
3de	Mariska van Dyk

Navrae kan gerig word aan Chante Louw (netbal@oos-moot.co.za).

Oos-Moot groete

_____
S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF

_____
C LOUW
ORGANISEERDER